MY DAGBOEK

KREATIEWE SKRYFWERK

Jou volgende projek is om 'n DAGBOEK te skryf. Die instruksies is eenvoudig. Jy moet 3-4 sinne skryf wat in jou dag plaasgevind het. Die dae is van Maandag tot Vrydag. Jy moet net jou mees opwindende aktiwiteite neerkryf. Ek sal vir jou 'n voorbeeld wys.

Jou taalgebruik en spel is belangrik. Jy gaan, nadat jy fotos op die iPad geneem het, in "BookCreator" werk. Jy sal dan jou werk in "iBooks" bêre.

Geniet dit!

RUBRIC – DAGBOEK

MY DAGBOEK				
PUNTE	1-2	3-4	5-7	8-10
GOEIE VERBEELDING EN KREATIEF	Het nie hard gewerk nie. Nie 'n goeie poging nie.	Kon 'n bietjie meer moeite ingesit het, maar is aanvaarbaar.	Goeie verbeelding, redelik interessant.	Uitstekende taalwerk, baie goed. Baie interessant.
SINNE, TAAL EN SPEL	Baie foute gemaak, sinne het baie aandag nodig.	Net 'n paar taal en spel foute. Sinne is redelik goed verskaf.	Idees en feite is goed, min foute.	Sinne, spel en taal is uitstekend. Ook interessant.
iPad hantering en illustrasies	Nie goed voorbereid nie. Het baie aandag nodig.	'n Paar fotos geneem en hantering van iPad is redelik goed.	Fotos is goed gebruik, iPad is goed gebruik. 'n Goeie poging.	'n Uitstekende aktiwiteit met die iPad, fotos is goed gebruik. Baie interessant.

TOTAAL : 30 Punte